

Tier se tande laat spesialis sweet

'n Veearts werk gister saam met personeellede van die Johannesburgse Dieretuin om Olga die tier van haar tandprobleme te verlos.

Liezel de Lange

Olga, 'n tier van die Johannesburgse Dieretuin, is gister onderwerp aan wortelkanaalbehandeling en 'n spesialistandarts moes ure worstel om 'n tand getrek te kry.

Maar die marteling was eerder aan die kant van die spesialistandheelkundiges, want 'n mens sal nie dié kat se kake sonder 'n behoorlike verdowingsmiddel wil aandurf nie.

Olga is byna vier uur lank verdoof terwyl dr. Gerhard Steenkamp, tandspesialis van die veteriniere afdeling aan die Universiteit van Pretoria, eers een tand moes stop en toe 'n ander moes trek.

“Dit was 'n lang proses. 'n Tier se tande is nie klein nie,” het dr. David Zimmermann, veearts van die dieretuin, gesê.

Olga het haar boonste slagande beskadig toe sy vermoedelik aan die tralies van haar kamp gebyt het. Steenkamp het haar sowat drie weke gelede by die dieretuin gaan ondersoek voordat die operasiedatum bepaal is.

Sy is gistermiddag weer na haar kamp gebring en lyk perdfris en gesond, het Zimmermann gesê.

Olga en Orcha, albei net meer as twee jaar oud, is einde verlede jaar van Frankryk na die Johannesburgse Dieretuin gebring.